basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2018

## VRYSTAAT

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40 punte) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.


## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

Lees die koerantartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A:**

### VAN SMOUS[1] OP STRAAT TOT 'N SAKEMAN



1 **Die begin**
Seun Diphoko (45), van Phahameng in Theunissen het eers op 'n plaas gewerk. Hy het 15 jaar gelede sy been in 'n trekkerongeluk gebreek en sy werk verloor. Hy moes vir sy gesin sorg en toe kry hy die idee om draadkarre te bou. Mooies. Droomkarre. Vir seuntjies en ooms, rykes en armes. Seun sê: "As ek nou terugkyk, was die trekkerongeluk 'n geluk by die ongeluk."

2 **Sy handewerk**
Seun bou vliegtuie, sleepwaens, busse – enigiets waarvoor jy vra. Baie mense weet van die mooi Hilux- en Ford-bakkies wat hy bou. Hierdie bakkies het selfs ingeboude radio's en tot die paneelbord[2] lyk net soos die regte bakkie s'n. As hy 'n nuwe model op die pad sien, gaan kyk hy mooi daarna voordat hy dit bou.




3 Hy gebruik rommel wat hy optel om die voertuie te bou. Hierdie werk om draadkarre te bou, is 'n familiebesigheid. Sy seuns, Sabatha, Sello en Lebohang, help hom om die raamwerk te bou. Sy vrou, Elisa Lebona, doen die verfwerk.

4 **Probleme**



Seun het veral twee probleme gehad wat gekeer het dat sy besigheid groei. Eerstens het hy nie die regte gereedskap gehad nie. Hy het net 'n tang[3] gehad wat nie altyd gehelp het om die draadkar aanmekaar te kry nie. Hy moes dan 'n sweismasjien[4] leen om die werk te doen.

5 Om sy draadkarre te verkoop, was ook 'n probleem. Die enigste plek waar hy sy handewerk kon verkoop, was langs die pad. Sabatha het aan die begin daarmee gehelp, maar toe het dit te gevaarlik geword.

6 **Seun se weldoeners**
'n Motoris wat eendag 'n draadkar by Seun gekoop het, het baie trots 'n foto daarvan op Facebook geplaas. Iemand van Bloemfontein wat nie sy naam genoem wil hê nie, het die foto gesien. Hy het vir Seun 'n sweismasjien en 'n sweisbril gegee.



7 'n Ander sakeman van Johannesburg het vir hom nóg sweisgereedskap gegee. Hierdie skenkings[5] het Seun se lewe verander. Hy kon toe twee keer meer draadkarre per maand bou.

8 Sy besigheid het verder gegroei toe Elmarie Prinsloo van die Bloemskou gesê het dat hy sy draadkarre skou toe moes bring. Dit het beteken meer mense sou sy produkte kon sien en koop. Die Vrystaatse Kunstefees het ook laat weet dat hy daar baie welkom was. Dit was nog 'n geleentheid om sy unieke draadkarre te wys en te verkoop.

9 Mohapi Ramohomane, 'n sakeman van Brandfort, is sy vriend. Hy help vir Seun om sy draadkarre in en om Bloemfontein te gaan aflewer. Soms leen Seun sy motor om by die geleenthede soos die Bloemskou en die Vrystaatse Kunstefees uit te kom.

10 **Die toekoms**
Vandag is Seun 'n bekende sakeman. Hy het vir die eerste keer sy eie bankrekening en hy lewer bestellings[6] landwyd af. "Die mense wil almal my sweismasjien leen, maar ek sê nee, dié masjien is net om draadkarre mee te bou," het hy gesê.

11 Nou wil Seun sy eerste motor koop. "Ek wil 'n Hilux hê. Nie 'n Ford nie. My eie, regte Hilux."

[Aangepas uit *Beeld*, 20 Januarie 2018]

Woordverklarings:

1. smous – *hawker*
2. paneelbord – *dashboard*
3. tang – *pliers*
4. sweismasjien – *welding machine*
5. skenkings – *donations*
6. bestellings – *orders*

1.1 Waar woon Seun Diphoko? (1)

1.2 Waarom kan ons sê sy naam, Seun, pas nie by hom nie? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3) neer.

Met "droomkarre" (reël 4) bedoel die skrywer dat …

A Seun elke nag net van karre droom.
B die kopers droom hulle koop Seun se karre.
C baie mense wens hulle het sulke karre gehad.
D die karre wat Seun bou, nie regtig bestaan nie. (1)

1.4 Seun het 15 jaar gelede sy been in 'n trekkerongeluk gebreek en sy werk verloor.

Waarom sê Seun dit was 'n geluk by die ongeluk? (2)

1.5 Watter TWEE soorte bakkies maak Seun graag? (2)

1.6 Seun het niemand in sy gesin wat hom kan help nie.

Waarom is die stelling ONWAAR? (1)

1.7 Waar kry Seun die meeste van die materiaal waarmee hy sy draadkarre bou? (1)

1.8 Noem TWEE probleme wat gekeer het dat Seun se besigheid kon vooruitgaan. (Reëls 16 tot 23) (2)

1.9 Lees reël 22 en 23.

Wat, dink jy, het dit so gevaarlik vir Seun gemaak om sy handewerk langs die pad te verkoop of uit te stal? (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.10) neer.

Uit reëls 26 tot 30 lei ons af dat 'n weldoener iemand is wat …

A goeie dinge vir ander mense doen.
B mooi dinge met sy/haar hande kan maak.
C dinge doen sodat ander mense dit kan sien.
D vir mense vertel as iemand iets goeds vir jou doen. (1)

1.11 Kies die inligting uit KOLOM B wat by die persoon in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) neer, bv. 1.11.5 F.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Een van Seun se kliënte | A | ... het Seun se probleem met gereedskap raakgesien. |
| 1.11.2 | Iemand van Bloemfontein | B | ... het die draadkar wat hy by Seun gekoop het, op sosiale media gewys. |
| 1.11.3 | Mohapi Ramohomane | C | ... het vir Seun met vervoer gehelp. |
| 1.11.4 | Elmarie Prinsloo | D | ... het gehelp om Seun se draadkarre te verf. |
| | | E | ... het vir Seun gehelp om sy draadkarre by die skou uit te stal. |

(4 x 1) (4)

1.12 Waarom het die Vrystaatse Kunstefees 'n positiewe invloed op Seun se besigheid gehad? Noem TWEE redes. (2)

1.13 Seun wil nie sy sweismasjien aan ander mense uitleen nie.

1.13.1 Gee EEN rede waarom mense sal sê dat hy reg is. (1)

1.13.2 Gee EEN rede waarom mense sal sê dat hy verkeerd is. (1)

1.14 Watter soort bakkie wil Seun die graagste hê? (1)


1.15 Nadat Seun sy werk verloor het, het hy begin om draadkarre te bou.

Watter lewensles kan jy hieruit by Seun leer? (1)

1.16 Waarom sal Seun positief oor Facebook voel? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die weerkaart hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit *Beeld*, 2 Oktober 2017]

1.17 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Keetmanshoop lê (suid/wes) van Windhoek. (1)




1.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die warmste plek is (Durban/Kaapstad). (1)

1.19 Naby watter groot stad gaan daar moontlik donderstorms (*thunderstorms*) wees? (1)

1.20 Kies die korrekte woord uit die blokkie.

Watter woord/woorde sê dat die son nie gaan skyn nie? (1)

| Son | Gedeeltelik bewolk | Bewolk |
|---|---|---|
|  |  |  |

1.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.21) neer.

Die doel van die weerkaart is om ...

A die afstand tussen dorpe te wys.
B mense te help om die beste pad te kies om te ry.
C te wys waar die verskillende provinsies in Suid-Afrika lê.
D mense te help om hulle aktiwiteite en kleredrag te beplan. (1)


1.22 Hoekom is die weer in Oos-Londen nie ideaal om 'n piekniek te hou nie? Noem EEN rede. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: WEES VEILIG WANNEER DAAR WEERLIG IS

- Som die SEWE dinge wat jy moet doen om **VEILIG TE WEES WANNEER DAAR WEERLIG (*LIGHTNING*) IS**, in SEWE VOLSINNE op.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.



### TEKS C

**BINNE-IN DIE HUIS**




Jy is dalk besig om te bad of te stort terwyl dit buite blits en die weer dreun. Onthou, dan moet jy dadelik uit die stort of bad klim.



Dit is verkeerd om voor 'n venster met oop gordyne te staan as dit buite blits en daar donderweer is. 'n Oop venster gee vir weerlig 'n reguit pad om langs te trek.



As dit buite blits en die weer dreun, moet jy nie besluit om iemand op jou landlyn te bel nie. Die telefoondraad kan die elektrisiteit reguit na jou toe gelei.



Elektrisiteit kan baie gevaarlik wees as die weer swaar is. As die weer begin dreun, moet jy glad nie aan muur- of kragproppe raak nie.

**BUITE DIE HUIS**



Die weerlig slaan gewoonlik die hoogste voorwerpe raak. Dis waarom jy nooit onder 'n boom moet staan as daar weerlig is nie.



Soms is daar swaar weer en weerlig terwyl jy in 'n voertuig is. Jy is veilig, solank jy net nie aan enige metaal binne-in die voertuig raak nie.



As jy en jou maats buite saam is en die weerlig slaan, moet julle ver van mekaar af staan. Dan kan die elektrisiteit nie van een persoon na 'n ander beweeg nie.

[Eie teks]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




# 'N NUWE SELFOON

**(3.3) JY HET DAARVAN GEDROOM.**

**JY HET DAARVOOR GEVRA.**

**HIER IS DIT NOU!**

**KOM VIER DIT!**



Die (3.4) (nuut) Cell-Nova kan (3.5) (...) wees.

Nou kan jy ook 'n sosiale lewe hê!

(3.6) Kontak al jou friende en familie op WhatsApp en Facebook Lite.

Die Cell-Nova is (3.7) klein en goedkoop.

**(3.8) Kom knoop hierdie nuus aan jou oor:**

- Slegs R1 200,00 of R199,00 indien jy 'n kontrak het
- 2 MP-kamera
- Flitslig
- FM-radio



**(3.9) (VERNIET)**

R100 ekstra lugtyd
\+ 200 MB data

Kom gesels met ons slim en (3.10) (vrolik) assistente by enige winkelsentrum of skakel ons tolvrynommer by 086 111 2222 as jy meer wil weet.

[Verwerk uit *Grafika 24*]

3.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die meisie in die advertensie roep "Hoera!" uit, omdat sy (ongelukkig/gelukkig) voel. (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2) neer.

Die ballonne wat die meisie in die advertensie vashou, hou verband met die volgende sin in die advertensie:

A Jy het daarvan **gedroom**.
B Jy het daarvoor **gevra**.
C Kom **vier** dit.
D Kom **gesels** met ons slim assistente. (1)

3.3 Verander die sin in 'n VRAAGSIN.

Jy het daarvan gedroom. (1)

3.4 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Die (nuut) Cell-Nova (1)

3.5 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.5) en die ontbrekende woord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| myne; | hare; | syne; | joune |

As jy R1 200,00 kan betaal, kan die Cell-Nova … wees. (1)

3.6 Gee die KORREKTE SPELLING van die onderstreepte woord. Moenie die hele sin oorskryf nie.

Kontak al jou <u>friende</u> en familie op WhatsApp en Facebook Lite. (1)

3.7 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Die Cell-Nova is (klein) en goedkoop. (1)

3.8 Kom knoop hierdie nuus aan jou oor.

Sê of hierdie sin LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel word. Motiveer jou antwoord deur te sê wat die sin beteken. (1)

3.9 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

(Verniet) R100 ekstra lugtyd + 200 MB data. (1)


3.10 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Kom gesels met ons slim en (vrolik) assistente. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Die Burger*]

4.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Aan Pa se lyftaal kan ons sien dat hy (tevrede/ontevrede) met sy seun is. (1)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

As die seun vir sy pa sê dat hy moet *chill*, bedoel hy dat sy pa (rustig/opgewonde) moet raak. (1)

4.3 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (4.3.1 tot 4.3.2) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| partydigheid; | stereotipering; | sarkasme |

4.3.1 "Dit is maar net die matriekeksamentjie waarmee ons besig is", is 'n voorbeeld van ... (1)

4.3.2 "Vandag se jongmense is almal eners", is 'n voorbeeld van … (1)

4.4 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Dit lyk nie of die seun … sy skoolwerk belangstel nie. (1)

4.5 Gee die SAMESTELLING vir die woord tussen hakies.

Die seun luister na musiek met sy (oor + fone). (1)

4.6 Verbeter die volgende sin. Skryf die hele sin oor.

Hulle dink hulle weet hulle werk. (1)

4.7 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Die wurm sê: "Hulle wil net speel."

**Begin só:** Die wurm sê dat … (1)

4.8 Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Wonder hy of ons die eksamen gaan (druip)? (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.9) neer.

In hierdie teks spot die kunstenaar met …

A 'n stokou motor.
B die baie leerwerk.
C die matriekeksamen.
D matrikulante se ouers. (1)

**[10]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F: LEESTEKS**

**EVERT EN MOKONI, DIE TWEE JONG HELDE VAN KROONSTAD**



(5.1.1) 'n Treinongeluk het (naby Kroonstad)(vroeg in 2018) plaasgevind. (5.1.2) (Evert en Mokoni het baie mense na veiligheid gehelp. Hulle is net twaalf jaar oud.) (5.1.3) (Pa's) het hul babas vir die seuns deur die treinvensters aangegee. (5.1.4) Hulle is ware helde. (5.1.5) Hulle behoort medaljes vir hulle dapperheid … kry.

(5.1.6) (Evert praat sotho wat hy by die tuinman geleer het.)

Toe hulle ses was, het iets vreesliks gebeur. (5.1.7) ('n Bakkie het Mokoni se perd getref.) Die perd is dood. (5.1.8) Hulle het Mokoni hospitaal toe geneem, want hy het baie seergekry.

Evert en Mokoni hou daarvan om in die (5.1.9) (rivier) op die plaas te swem. Sondae speel hulle sokker teen die kinders op die ander (5.1.10) (plaas). Vakansies is hulle die heeldag saam. (5.1.11) (Elke oggend) gaan vang hulle paddas in die gronddam. Soms slaap Mokoni sommer oor. Dan dink hulle nie aan skool of (5.1.12) leer nie. (5.1.13) Evert hou van die dorp.

(5.1.14) Evert en Mokoni bly vir altyd vriende.

[Verwerk uit *Volksblad*, 13 Januarie 2018]

5.1.1 RANGSKIK die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die hele sin oor.

'n Treinongeluk het (naby Kroonstad)(vroeg in 2018) plaasgevind. (1)

5.1.2 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Evert en Mokoni het baie mense na veiligheid gehelp. Hulle is net twaalf jaar oud. (al) (1)

5.1.3 Gee die VROULIKE VORM van die woord tussen hakies.

(Pa's) het hul babas vir die seuns deur die treinvensters aangegee. (1)

Kopiereg voorbehou 

5.1.4 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Hulle is ware helde. (1)

5.1.5 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.

Hulle behoort medaljes vir hulle dapperheid … kry. (1)

5.1.6 Skryf die woord wat met 'n HOOFLETTER geskryf moet word, korrek neer.

Evert praat sotho wat hy by die tuinman geleer het. (1)

5.1.7 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

'n Bakkie het Mokoni se perd getref.

**Begin só:** Mokoni se perd … (1)

5.1.8 Skryf die sin oor en begin soos aangedui.

Hulle het vir Mokoni hospitaal toe geneem, <u>want</u> hy het baie seergekry.

**Begin só:** Hulle het vir Mokoni hospitaal toe geneem <u>omdat</u> … (1)

5.1.9 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Evert en Mokoni hou daarvan om in die (rivier) op die plaas te swem. (1)

5.1.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Sondae speel hulle sokker teen die kinders op die ander (plaas). (1)

5.1.11 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

(Elke oggend) gaan vang hulle paddas in die gronddam. (1)

5.1.12 Gebruik die woord "leer" in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het.

Dan dink hulle nie aan skool of <u>leer</u> nie. (1)

5.1.13 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE vorm.


Evert hou van die dorp. (1)

5.1.14 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Evert en Mokoni bly vir altyd vriende. (1)

5.2 Bestudeer die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Bron: www.bhavinionline.com]

5.2.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Die sjef gooi die pizzadeeg in die (lig/lug). (1)

5.2.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Die hond kom agter die (reuk/ruik) van die pizzas aan. (1)

5.2.3 Vul die ONTBREKENDE WOORD in.

Die man speel 'n liedjie op die ... . (1)

5.2.4 Gee die korrekte vorm van die TELWOORD tussen hakies.

Lisa eet nou haar (drie) pizza. (1)

5.2.5 Vul die ONTBREKENDE WOORD in.

Jason dra 'n ... , want hy kan nie goed sien nie. (1)

5.2.6 Vul die ONTBREKENDE WOORD in.

Andrew is kwaad, want die kelnerin het sy koeldrank ... . (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7 OF VRAAG 8.

VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" **EN** VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS"

**OF**

VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

VERHAAL A: "DIE GEHEIM" **EN** VERHAAL B: "OM LAASTE TE KAN LAG"

**OF**

VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

### VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

### VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS H

Dit was geen troos nie. Dit het skielik vir my verwaand gelyk om dié man wat die lewe soveel beter onder die knie gekry het as die meeste van ons, sommer net so as 'n eenvoudige van gees af te skryf.

Die son was aan die sak toe ons die dorp nader waar hy moes afklim.

***

My passasier het begin stiller raak. Maar ek kon sien hy is opgewonde.

***

Ek wou weet hoeveel kinders hy het.

***

... "As jy my nou met die kar by die huis aflaai, sal dit nie vir ons so lekker wees nie."

***

Ek het gery. Maar 'n blok verder op die ingewing van die oomblik in 'n dwarsstraat afgedraai en tot onder langs die spruit gery. Toe draai ek links en ry tot by die volgende straathoek, hou stil en klim uit.

Na 'n ruk kon ek hom sien aankom.

***

Hulle het my nie gemerk nie. En al het hulle, sou dit nie saak gemaak het nie.

6.1 Op watter dorp moes Gouws afklim? (1)

6.2 Die pad het vir die verteller te lank begin word en daarom het hy vir Gouws langs die pad opgelaai.

6.2.1 Hoe het die verteller gewoonlik tydens 'n lang rit gevoel? (1)

6.2.2 Wat het die verteller gewoonlik tydens 'n lang rit gedoen? (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.3) neer.

" ... dié man wat die lewe soveel beter **onder die knie gekry het** ..." (reël 1 en 2) beteken dat Gouws ...

A maniere gevind het om sy lewe goed te hanteer.
B geleer het van watter geskenkies sy gesin die meeste hou.
C maniere gevind het om naweke vinniger by die huis te kom.
D geleer het om planne te maak om by sy gesin te gaan kuier. (1)

6.4 Die verteller wou vir Gouws by sy huis aflaai omdat hy Gouws se gesin wou ontmoet.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.5 Sou jy anders as Gouws opgetree het as die verteller aangebied het om jou by die huis af te laai? Motiveer jou antwoord. (1)

6.6 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.6) en die ontbrekende woord neer.

| unieke; | hartseer; | weeklikse |
|---|---|---|

Nadat die verteller vir Gouws afgelaai het, het hy iewers gestop sodat hy die ... ontmoeting tussen Gouws en sy gesin kon sien. (1)

6.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die hond het hom eerste gesien en geblaf.
- Gouws het met al sy bagasie afgestap huis toe.
- Gouws het alles laat val om sy gesin te groet.
- Die kinders en die vrou het na Gouws toe gehardloop. (4)

6.8 Watter geskenk het Gouws spesiaal vir sy vrou saamgebring? (1)

6.9 Ons leer vir Gouws in hierdie verhaal ken deur wat hy sê.

Kies die dialoog uit KOLOM B wat by Gouws se karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.9.1 tot 6.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.9.1 | Gouws was trots op sy gesin. | A | "Die kar loop lekker vinnig." |
| 6.9.2 | Gouws was trots op sy werk as padmaker. | B | "Daar is vyf outjies." |
| 6.9.3 | Gouws was opgewonde om vroeg by die huis te wees. | C | "Ons skrik vir niks – bome, bosse, rotse, skuinstes, niks keer ons nie." |
| 6.9.4 | Gouws soek altyd iets positiefs in sy werk. | D | "Jy dien jou naaste." |
| | | E | "Ag, dis partykeer ongerieflik, maar daar is baie voordele." |

(4 x 1) (4)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.10) neer.

Dankbaarheid is die sentrale tema van hierdie kortverhaal, want ...

A die verteller het altyd iemand gehad met wie hy kon gesels.
B die Gouwsgesin was tevrede om mekaar vir net kort rukkies te sien.
C Gouws se kinders kon kies watter geskenkies hy vir hulle moes bring.
D die padmakers het goeie masjiene gehad om hulle werk mee te doen. (1)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die titel van hierdie kortverhaal is " 'n Man kom tuis".

In hierdie titel beteken "tuis" die (warmte en huislikheid/fisiese ruimte) van Gouws se gesin. (1)

6.12 Dink jy dit was reg van Gouws om so min huis toe te gaan?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.13 "Hulle het my nie gemerk nie. En al het hulle, sou dit nie saak gemaak het nie." (Reël 12)

Is dit 'n goeie sin om die verhaal mee te eindig? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

Hulle was van die eerste intrekkers in die nuwe Rusoord; albei vlak in die sewentig, gesond van liggaam en verstand, en vasberade om van die laaste skof nog iets te maak.

***

Nie dat hulle nie gou geleer het om sommige van die reëls van die Bestuur met 'n bietjie insig te vertolk nie, byvoorbeeld die reël dat alkohol alleen vir medisinale doeleindes in kamers gehou mag word.

***

Die weke het stadig maande geword, die lewe in die Rusoord ál lewe.

***

Toe bêre hulle Willem.

Die Dinsdagoggend kom hy agter dat hy tog die nag 'n ruk geslaap het.

***

Dis of die nuwe vrees alle beheer oor sy denke oorneem. Hy stry daarteen, maar dit wil nie help nie. Sê nou Willem het nie gekom nie omdat daar anderkant niks is nie?

***

... En 'n man moet dit uitvind as die aftel amper klaar is! Wanneer jy soos 'n gek sit en wag vir 'n teken van Willem wat soos 'n wind in die lug op is!

6.14 Noem TWEE redes waarom Jakob en Willem lekker in die Rusoord gebly het. (2)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die gebruik van "die **laaste skof**" (reël 2) is effektief, want dit praat op 'n versagtende manier van Jakob en Willem se laaste (lewensjare/werksure). (1)

6.16 Hoe het Jakob en Willem die Bestuur se reël oor alkohol in die kamers verander? (1)

6.17 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.17) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| familie; | kwaaivriende; | hartbroers |

In die paar jaar wat Jakob en Willem saam in die Rusoord gebly het, het hulle ... geword. (1)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.18) neer.

Die dood van een van die oudste inwoners in die Rusoord het veroorsaak dat Jakob en Willem gewonder het oor ...

A hulle eie geloof.
B die belangrikheid van vriende.
C wat na die dood gebeur.
D hulle gesondheid. (1)

6.19 Jakob het na Willem se dood alleen agtergebly.

Kies die dialoog uit KOLOM B wat by Jakob as karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.19.1 tot 6.19.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.19.1 | Jakob was bang vir spoke. | A | "Bly dan maar stil, jong. As jy nou te opstêrs is." |
| 6.19.2 | Jakob het getwyfel oor lewe na die dood. | B | "Dis maar dieselfde ding." |
| | | C | "Los dit, Willem!" |
| 6.19.3 | Jakob het nie van lawwe ou vrouens gehou nie. | D | "Ek lê alleen op my kooi en ek lê soos ek wil." |
| 6.19.4 | Jakob was verlig dat Willem die teken kom gee het. | E | "As 'n mens net kon weet wat anderkant wag." |

(4 x 1) (4)

6.20 Was die ander inwoners in die Rusoord goed vir Jakob na Willem se dood?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.21 Dink jy Jakob het reg opgetree toe hy na Willem se dood nie wou hê dat die Bestuur iemand anders saam met hom in die kamer sit nie?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.22 Hoekom kan 'n mens nie vir Jakob kwalik neem dat hy na Willem se dood gewonder het of daar lewe na die dood is nie? (1)

6.23 Vir wie wou Jakob vra om by hom te kom slaap omdat hy vir Willem se spook bang was? (1)

6.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.24) neer.

"Wanneer jy soos 'n gek sit en wag vir 'n teken van Willem wat **soos** 'n wind in die lug op is!" (reël 12 en 13) is 'n voorbeeld van ...

A klanknabootsing.
B 'n vergelyking.
C 'n metafoor.
D ironie. (1)

6.25 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Willem het die teken kom gee.
- Willem is in die hospitaal oorlede.
- Jakob en Willem het die ooreenkoms aangegaan.
- Jakob het probeer keer dat Willem by hom kom spook. (4)

6.26 Die tema van hierdie kortverhaal is om by 'n ooreenkoms te hou.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)
**[40]**

**OF**

**VRAAG 7**

**VERHAAL A: "DIE GEHEIM" – J van Melle**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS J**

Die seun het gou weer bygekom, maar met die meisie het dit heelwat langer geduur, en toe die skip in die hawe van Zierikzee aanlê, was die algemene belangstelling nog so op haar gerig dat Snoek byna ongemerk die skip verlaat het.

So het die gebeurtenis daar plaasgevind, amper so geheimsinnig asof niemand daarby teenwoordig was nie. Die een party het niks van die ander geweet nie en so het daar oor die gebeurtenis as't ware 'n deksel gelê wat dit aan die bekendheid onttrek het.

***

... Dan in die aangename stilte van hul kamer kon sy dikwels in mymering raak, het sy daar lank aanmekaar gesit en staar, haar hande in haar skoot, ver weg met haar gedagtes. Dikwels het hy dan na haar gesit en loer sonder dat sy dit gemerk het, totdat hy met 'n glimlag weer aan die werk gaan.

***

Een aand vra hy onverwags: "Waaraan sit jy so en dink?" En toe bloos sy en wis nie wat om te sê nie.

***

Die bekentenis doen hom onaangenaam aan.

7.1 Wie het die meisie so laat skrik dat sy in die water geval het? (1)

7.2 Waarmee was Dou Snoek besig toe die meisie in die water geval het? (1)

Kopiereg voorbehou 

7.3 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf net die vraagnommers (7.3.1 en 7.3.2) en die ontbrekende woord neer.

Leune en die res van die gesin het van (7.3.1) ... na (7.3.2) ... per boot gereis. (2)

7.4 Daar was verskillende karakters op die skip wat saam op reis was.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (7.4.1 tot 7.4.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.4.1 Die matroos | A ... het gesukkel om die drie kinders op die boot te beheer. |
| 7.4.2 Dou | B ... kon nie stil sit tydens die bootreis nie. |
| 7.4.3 Leune | C ... se gedrag was aggressief. |
| 7.4.4 Leune se ma | D ... het die twee kinders uit die water getrek. |
| | E ... se vinnige optrede het 'n lewe gered. |

(4 x 1) (4)

7.5 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.5) en die ontbrekende woord neer.

| stilgebly het oor sy daad; iemand se lewe gered het; stil-stil die boot verlaat het |
|---|

Ons kan Dou 'n held noem omdat hy ... (1)

7.6 Wat, dink jy, kon die meisie se ma gedoen het om te wys dat sy dankbaar was? (1)

7.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.7) neer.

In reël 7 lees ons dat daar 'n "**deksel**" oor die gebeurtenis was. Hier is "deksel" 'n voorbeeld van …

A ironie.
B kontras.
C 'n metafoor.
D 'n vergelyking. (1)

7.8 Dou was dapper, maar hy het ook ander mooi karaktereienskappe gehad. Noem nog EEN ander mooi karaktereienskap, veral as ons dink aan hoe hy agterna aan sy daad gedink het. (1)

7.9 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Leune en Dou is getroud.
- Leune het vir Douw haar geheim vertel.
- Leune en Dou het mekaar op 'n sendingfees ontmoet.
- Leune en Dou het verlief geraak. (4)

7.10 Die "aangename stilte" (reël 9) in Dou en Leune se kamer sê vir ons dat hulle kwaad vir mekaar was.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.11) neer.

"En toe **bloos sy** en **wis nie wat om te sê nie**." (Reël 13 en 14)

Die boodskap van hierdie kortverhaal is dat mense wat vir mekaar lief is, nie geheime moet hê nie.

Hoe sluit Leune se reaksie by hierdie boodskap aan?

A Leune was nie meer lief vir Dou nie.
B Leune was ongelukkig saam met Dou.
C Leune wou alleen met haar gedagtes wees.
D Leune het skuldig gevoel omdat sy haar geheim vir Dou wegsteek. (1)

7.12 Dink jy dat Dou rede gehad het om ongelukkig te voel nadat Leune vir hom gesê het dat sy aan haar eerste liefde gedink het?

Motiveer jou antwoord met 'n feit uit die kortverhaal. (1)

7.13 Leune het vir Dou die geheim vertel.

Dink jy dit was reg dat Dou nie kwaad vir Leune geword het nie?

Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

Streng gesproke moes oom Apie die swartskaap in ons familie gewees het, maar hy had 'n manier om jou teen wil en dank van hom te laat hou.

***

My mense is doodgewone mense. Elkeen met sy ambag of sy lappie aarde. Harde werkers, al sê ek dit nou self.

***

En miskien het hy sy groot liefdesteleurstelling veertig jaar lank as gerieflike verskoning gebruik om oujongkêrel te bly. En miskien het niks hom beter gepas as dié verskoning nie. Maar toe die verskoning verval, toe sit oom Apie in die hek.

***

Maar hy was spierwit en sy gesig was vreemd. Ek het my buite weste geskrik en die lig afgeskakel. En in die maanlig het ek my 'n oomblik verbeel ek sien sy ronde magie skud van die lag soos altyd as oom Apie iemand 'n poets gebak het.

7.14 Waarom het die mense so baie van oom Apie gehou? (Reël 2) (1)

7.15 Die verteller se familie was "harde werkers". (Reël 3 en 4)

Noem TWEE ander goed wat hulle gedoen het, wat hulle anders as oom Apie gemaak het. (2)

7.16 Oom Apie was 'n goeie kuiergas.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.17 Wat het oom Apie gedoen om gesond te bly? (1)

7.18 Dink jy dit was goed dat oom Apie veertig jaar gelede nie met sy jeugliefde getrou het nie?

Motiveer jou antwoord. (1)

7.19 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Oom Apie het by familie gaan raad vra.
- Die jeugliefde se man het gesterf.
- Oom Apie het uit die moeilike situasie ontsnap.
- Die jeugliefde wou met oom Apie trou.

(4)

7.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.20) neer.

"toe sit oom Apie in die hek" (reël 7) beteken …

A oom Apie het besluit om te trou.
B oom Apie was te bang om weg te loop.
C oom Apie het 'n groot probleem gehad.
D oom Apie kon nie besluit wat om te doen nie. (1)

7.21 Oom Apie se vriende en familie was nie altyd tevrede met hoe hy opgetree het of wat hy gesê het nie.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.21.1 tot 7.21.4) neer, bv. 7.21.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.21.1 | Die jeugliefde | A | … sou graag oom Apie se geheim wou uitvind. |
| 7.21.2 | Die verteller | B | … sou verkies dat oom Apie nie die familie in die skande steek nie. |
| 7.21.3 | Die tannies | C | … sou nie wou hê oom Apie moet dieselfde fout maak as veertig jaar gelede nie. |
| 7.21.4 | Die verteller se ouers | D | … sou verkies dat die kinders nie oom Apie se stories hoor nie. |
| | | E | … sou verkies dat oom Apie nie stories vertel waaroor hulle skaam kry nie. |

(4 x 1) (4)

7.22 Hoekom dink jy pas die titel so goed by die verhaal? (1)

7.23 Dink jy dit was verkeerd van die jeugliefde om getroud te wees en ook vir oom Apie te sorg?

Motiveer jou antwoord. (1)

7.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.24) neer.

Watter les kan ons uit hierdie verhaal leer?

A Mense met baie geld het baie vriende.
B Geld is nie die belangrikste ding in die lewe nie.
C Geld kan nie goeie gesondheid koop nie.
D Jy moenie mense met baie geld vertrou nie. (1)

7.25 Waarom hou jy van Oom Apie? (1)

7.26 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.26) en die ontbrekende woorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| betroubaar; | eerlik; | populêr |

Omdat oom Apie so … was, het hy 'n baie groot begrafnis gehad. (1)
**[40]**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| WILMA: | Nou ja. Daar kom netnou nog iemand. Hy kom ook hier werk. |
| BINKI: | Hier, Tannie? Ek bedoel, Wilma. |
| WILMA: | Dis 'n seun, omtrent jou ouderdom. Hy gaan elke week kom. Hy gaan nie hier op die plaas bly soos jy nie. Jy moet hom maar 'n bietjie help. Dinge vir hom wys en so. |
| BINKI: | Ek? |
| WILMA: | Ja. Jy's mos nie meer bang vir die perde nie. |
| BINKI: | E … nie juis nie. |
| WILMA: | Nou staan nader. Vandag moet jy vir Lady Jane borsel. *(Binki gaan die stal so huiwerig binne dat sy Lady Jane onrustig laat rondtrap.)* Onthou, sy weet wat jy dink … |
| | *** |
| WILMA: | Jy kan my Wilma noem. Daardie perd is Tinkerbelle. En hierso is Lady Jane. |
| LUCKY: | *(Hy maak of hy gaap.)* Big deal. |
| | *** |
| WILMA: | … Ja, dis oor Lucky. Jy is seker nog nie te ver van die plaas af nie, so jy kan hom sommer nou kom haal. Ja, vat hom saam terug stad toe. |

8.1 Aan wie behoort hierdie ryskool, Silwerkloof Stalle? (1)

8.2 Waarom moes Lucky vir drie maande by hierdie ryskool werk? (1)

8.3 Gee TWEE redes waarom Wilma sommer dadelik vir Lucky weer terug stad toe wou stuur. (2)

8.4 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Lucky leer sy les.
- Lucky en Wilma stry kort-kort.
- Lucky loop saam met die ander karakters in die rondte.
- Lucky kom op die plaas aan.

(4)

8.5 Binki bly hier by die ryskool omdat sy nie ouers het nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. Motiveer jou antwoord. (1)

Kopiereg voorbehou 

8.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.6) neer.

Wilma vra vir Binki om vir Lucky 'n bietjie te help. Lucky het gou gewys dat hy …

A graag by die ryskool wil help.
B wil hê dat Binki hom moet help.
C skaam is dat 'n meisie hom moet help.
D dink hy kan regkom sonder dat iemand hom help. (1)

8.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.7) neer.

Lees reël 6 en 8.

As Binki só antwoord, wys dit vir ons dat sy …

A vir Wilma bang is.
B te lui is om te help.
C vir die perde bang is.
D baie van die perde hou. (1)

8.8 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (8.8.1 en 8.8.2) en die ontbrekende woorde neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| simpatiek; | negatief; | positief; | motors; | mooi klere; | diere |

8.8.1 Uit die drama kan ons aflei dat Lucky … teenoor ryk kinders is. (1)

8.8.2 Hy glo ryk mense gee meer vir … as vir mense om. (1)

8.9 Lees reëls 13 tot 15.

8.9.1 Wat het Wilma met haar woorde in reël 13 probeer doen? (1)

8.9.2 Wat bedoel Lucky met die woorde "Big deal"? (1)

8.10 Waarom het Lucky in reël 14 gemaak of hy gaap? (1)

8.11 Dink jy die magistraat het vir Lucky die regte straf gegee? Sê waarom jy so dink. (1)

8.12 Dink jy Wilma het regverdig (*fair*) teenoor Lucky opgetree toe sy Lucky se selfoon afgevat het? Motiveer jou antwoord uit die drama. (1)

8.13 Watter deel van die drama het jou hartseer laat voel? (1)

8.14 Jy was saam met Binki en Lucky by die ryskool.

Watter EEN van hierdie twee kinders sou jy graag as jou maat wou hê en waarom? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS M**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Jy't gesê jy doen ook soort van community service. Wat het jy gedoen? *(Wilma bly besig en draai weg van hom.)* Toe, sê vir my. |
| WILMA: | My storie is nie belangrik nie. Wat was, is verby. Al wat saak maak, is wat ek nou doen. |
| LUCKY: | Ek wil nie 'n preek hê nie, Antie. Jy wil my mos help. Sê dan, wat het jy gedoen? |
| | *** |
| LUCKY: | *(… Kaizer druk sy neus teen Lucky se skouer en Lucky staan vas. Dan fluister hy naby Kaizer se oor.)* Jis, Kaizer, my chief. |
| | *** |
| WILMA: | *(Agterdogtig.)* Was jy daar binne by Kaizer? |
| LUCKY: | Ek het vir hom water gevat. |
| WILMA: | Jy't wat gedoen? |
| LUCKY: | Ek sê, ek het gaan kyk of hy dors is. |
| | *** |
| | *(Tinkerbelle kom doodluiters opgestap sonder 'n leiband en snuffel aan die hooi. …)* |
| | *** |
| LUCKY: | Lady, Lady. Kom join my hier buite. ASSEBLIEF! *(Lady Jane kom by die stal uitgestap en snuffel naby Lucky.* |

8.15 Haal die toneelaanwysing aan wat aandui dat dit vir Wilma moeilik is om oor haar gemeenskapswerk te praat. (1)

8.16 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (8.16.1 tot 8.16.4) en die ontbrekende woorde neer.

| inspuit; gat; glasstuk; veld; dronk; rivier; doodskiet; hartseer |
|---|

Wilma het vir Lucky vertel wat sy gedoen het om gemeenskapsdiens te verdien. Hier is haar verhaal.

Wilma was een aand (8.16.1) … . Sy het met haar perd deur die (8.16.2) … gejaag. Haar perd het in 'n (8.16.3) … getrap en sy been gebreek. Hulle moes die perd (8.16.4). (4)

8.17 Waarom, dink jy, kon dit vir Lucky help toe Wilma hom vertel wat sy verkeerd gedoen het? (1)

Kopiereg voorbehou 

8.18 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Lees reëls 8 tot 14.

8.18.1 Lucky se woorde en gedrag dui daarop dat daar (konflik/ karakterontwikkeling) by hom plaasgevind het. (1)

8.18.2 Die gebeure tussen Lucky en Kaizer noem ons die (hoogtepunt/slot) van die drama. (1)

8.19 Lucky kan dankbaar wees teenoor 'n paar karakters in die drama wat die lewe vir hom makliker wou maak.

Kies die antwoord uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.19.1 tot 8.19.4) neer, bv. 8.19.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.19.1 Mev. Mhlopo | A … het gehoop Lucky sou uiteindelik leer hoe om met diere, veral perde, te werk. |
| 8.19.2 Die magistraat | B … het Lucky se houding teenoor ryk kinders verander. |
| 8.19.3 Kaizer | C … het vir Lucky van kleinsaf goeie maniere geleer. |
| 8.19.4 Binki | D … wou vir Lucky leer om die perde se vertroue te wen. |
| | E … het vir Lucky geleer dat perde regtig dwarsdeur jou kan kyk en weet wat jy dink. |

(4 x 1) (4)

8.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.20) neer.

Die drama se titel is "Perdekrag".

Watter uittreksel uit die drama sluit die beste by hierdie titel aan?

A "Daar was nie genade vir Grace nie."
B "Lady, Lady. Kom join my hier buite. ASSEBLIEF!"
C "Tinkerbelle skud haar kop elke keer weg van die leiband."
D "Kaizer druk sy neus teen Lucky se skouer en Lucky staan vas." (1)

8.21 Lucky tree aan die einde van die drama anders teenoor Kaizer op as aan die begin van die drama.

8.21.1 Beskryf Lucky se optrede teenoor Kaizer **aan die begin** van die drama. (1)

8.21.2 Beskryf Lucky se optrede teenoor Kaizer **aan die einde** van die drama. (1)

8.22 Waarom is Wilma agterdogtig (*suspicious*) in reël 11? (1)

8.23 Wat lei ons uit Wilma se vraag in reël 13 af? (1)

8.24 Dink jy Lucky wil aan die einde van die verhaal steeds nie by Silwerkloof Stalle werk nie? Motiveer jou antwoord. (1)

8.25 Is jy tevrede met hoe die drama vir Lucky en Binki geëindig het?

Gee vir elke karakter 'n rede waarom jy so sê. (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou